# Bergsig Boodskap

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

19 April 2020

## 19 April 2020

**09:00** **Familiediens**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Mizelle Prinsloo*

**Deuroffer: Gemeenteontwikkeling**

## 26 April 2020

**09:00** **Familiediens**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Bergsig Studiefonds**

**BAIE, BAIE DANKIE**
Vir aanlyn offergawes wat inbetaal word deur aanlyn opsies.




## WOORD VAN DIE WEEK:

## Persoonlike Ruimte

Wat gaan deur jou gedagtes? Deel met ons by:

**kommunikasie@bergsigdv.co.za**

**/ 0715299491**

**Verlede week se woord:**

## Essensieel


Terugvoer uit die Gemeente:

***Dit is essensieël om met mense oor die weg te kom***

***Anoniem***

*Dit is toe nie so essensieël om baie Paaseiers te koop nie. Chantel*

***Dit is essensieël om eers jou eie probleme te probeer oplos voor jy met ander fout vind en hulle s'n oplos.***
***Elize***




## Tye van verandering

Wat is tyd? Wat is verandering? Vir elkeen is dit anders.Ons lewensfases verskil.

Ons oordeel mekaar soms onnodig. Vat nou maar die enkel mamma wat vir my vertel hoe die mense haar deurboor met hul oë omdat sy durf waag om met twee kinders inkope te doen tydens die Corona. Beide is onder ses jaar. **As sy kon kies sou sy nie.**

Kom ons vat die tyd van verandering en oordeel mekaar minder erg.



**Jo Black**
3 uur ·

Hier kom dit nou
Ek het lank gewik en weeg oor die foto, want ek weet dit word gevolg met honderde positiewe en negatiewe kommentaar.
Verandering is die enigste konstante op die oomblik en dis dalk 'n goeie ding. Elke dag is 'n nuwe dag vir 'n nuwe begin. 'n tweede kans om oor te begin.
Ek het besluit om oor te begin, om dinge beter te doen, met meer passie en integriteit en met intensie.
Ons word nie gedefinieer deur die opinies van mense nie. As ek 'n leeu se maanhare afskeer, sy tande pluk en sy naels knip, wat is hy dan???
'n Leeu!!
Al voel en lyk hy nie op die oomblik so nie, verander dit glad nie sy identiteit nie.
Om 'n musikant te wees, definieer my nie. My baard, beroep of finansies, definieer my nie. Dis hart wat ons definieer!! Goeie tye bou selfvertroue, moeilike tye bou karakter!
So hierdie foto is op tweede kanse, op 'n nuwe begin.
Jo

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

Gemeentes het verlede week bygedra en daar word die week 420 kospakkies uitgedeel. Ons kort nog bydraes as ons by al die punte wil aflaai.

**Sprouting Minds is deel van die projek.** Die strukture om te koop, te verpak en te versprei is reeds in plek. Ds. Wynand van Durbanville Gemeente en die Palm Grove Spar pak elke week vir Fisantekraal, Morningstar en Klipheuwel.



Vir R200 kan mense 'n familie voed vir 'n week. Dis hoeveel een hamper ons kos. Dit kan inbetaal word in Durbanville Gemeente se rekening: Absa Durbanville, Tjekrek 1410580019
Verwysing: Feeding

# DONATE: Protect the destitute amid Covid-19

SINCE 1986 MES Cape Town #Covid-19Support — Changing the heart of the city!

## Needs:

**Food:**

- Vegetables
- Fresh fruit
- Rice
- Pastas
- Pap
- Variety of tin foods
- Cup-a-soup
- Easy oats
- Oats/energy bars
- Tea/Coffee/Sugar
- Concentrated juices
- Meat for soups/stews
- Disposable containers & cutlery

**Hygienic Materials**

- Toilet Paper
- Washing powder for clothes
- Soap & hand sanitizers
- Plastic basin for washing

**Clothing:**

- Bedding
- Blankets
- Clothing

**MES Vouchers:**

- Shelter booklets (R100 /10)
- Meal vouchers (R50/10 )

Kitchen:

- Urns
- Refilling of gas cylinders
- Tables for shelter & soup stations

Protective gear: Masks & gloves
Technology: Data bundles for staff working remotely

## Drop off points:

To minimize contact items can be dropped off at the following places in designated trolleys provided:

Ipic GROUP

**IPIC AURORA** - Corner of Burton &, Aurora St, Aurora
**IPIC SONSTRAAL** - Cnr of Langeberg and, Verdi Blvd, Durbanville

**WILLOWBRIDGE MALL:**
Woolworths or PNP

W PicknPay WILLOWBRIDGE

## Financial donations:

ABSA Bank
MES Cape Town
Account: 405 806 2432
Code: 632005
Swift Code: ABSAZAJJ
Ref: CovidHelp

**Contact us at prcapetown@mes.org.za 074 692 1247 www.mes.org.za**

Follow us Mould Empower Serve @mesorgza mesorgsa Mould Empower Serve MESZANATIONAL

**Stephan Joubert stel twee gratis boeke beskikbaar om te lees: oor die Eindtyd en oor Paasfees:**

https://c699ea37-2b15-4326-b043-033a8eecbf69.filesusr.com/ugd/d6fab7_2115b44ac50343a9b867f9fc6e1558d3.pdf

https://c699ea37-2b15-4326-b043-033a8eecbf69.filesusr.com/ugd/d6fab7_67e01064af944936864b591867181ecd.pdf

Klein Phisantekraal

preprimêr / pre-primary

'n Plaasskool vir Stadsjapies!

Gee jou kind 'n plaasavontuur met moddervoete tussen koringare en wingerdblare...

3 - 4 jariges / 4 - 5 jariges / Graad R

Nasorg / Buitemuurse aktiwiteite / Klein klassies

epos: skoolhoof@kleinphisantekraal.co.za

## *Aanlyn Musiek lesse:*

Wil jy begin leer hoe om te sing of kitaar te speel? Wil jy dit vir die lekkerte doen of graag dit meer ernstig opvat?
Enige ouderdom is welkom.
Van kinders tot seniors.

*Ons is ook nou AANLYN beskikbaar tydens die inperking tydperk!*

Akoestiese Kitaar: *Juan Smit*
Sang: *Carli Venter*

Vir meer inligting oor wat dit alles behels, kontak *Carli Venter* by *0846946105* of *carliv93@gmail.com*



# GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Daar is baie maniere om selfs gedurende die tyd van afsondering by ons as Gemeente ingeskakel te bly, die gemeenskap van die Gelowiges is baie belangrik:

Besoek gerus Durbanville-Bergsig se web: **www.bergsigdv.co.za** vir algemene inligting.

**Vind en "like" ons op Facebook**

**Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers**

Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene **WhatsApp groepe** stuur jou naam en nommer na: 071 529 9491 of klik op die skakel om te "join:

https://chat.whatsapp.com/EahShOVHw1zKC0ZLyGd1mp

Om Sondae regstreeks in te skakel op die **YouTube kanaal** om 9:00 na eredienste te lustier klik hier:

https://bit.ly/DurbanvilleBergsigYouTube

Databasis: Dateer selfoon en e-pos adres op sodat ons gemaklik met jou kan kommunikeer:

**kommunikasie@bergsigdv.co.za**

As jy nuut is by Bergsig en ons aanlyn gevind het voel vry om in te skakel:

Skakel gerus ons is steeds hier vir jou in die moeilike tydperk.

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.

Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.




Bergsig het 'n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Raak deel van die groep veral nou as jy baie alleen voel. Die leraars is beskikbaar om jul te bedien - al is dit per telefoon.

## KNIELTYD



**Die week steek ons 'n KERS aan vir FAMILIES**

Familielewe is en bly kosbaar. Dit is die plek waar ons gevorm word.

Ons gebed vandag is dat elkeen VREDEVOL sal saamleef in die afsonderingstyd. Ons bid dat God die Vader ons families sal seën. Nie net die Bergsig families nie, maar almal wêreldwyd.

### 'n Gebed vir die Wêreld

God, net U alleen is waardig om geëer, geloof en geprys te word. Saam met U kan ons elke storm oorkom—ook die wêreldwye impak wat COVID-19 op ons wêreld het.

Ons vra U nou:

Maak die siekes gesond en beskerm hulle wat nie siek is nie.

Gee ons leiers meer wysheid om ons deur hierdie pandemie en ekonomies onsekerheid te lei.

Versterk u wêreldwye kerk. Openbaar aan ons hoe ons hande kan vat om in die behoeftes van die mense rondom ons te voorsien.

Laat ons vrese bedaar. Vul ons met u hoop, vreugde en vrede, terwyl ons voortdurend op U vertrou.

Gebruik hierdie pandemie as voorloper van 'n geestelike herlewing. Ons wil u heerlikheid, mag en genesing aan die werk sien.

Kom, Here Jesus, kom.

In Jesus se Naam, amen.







**Die Drie Gemaskerdes**

Al kruip ons weg agter maskers wanneer ons inkopies doen, loop ons mekaar steeds raak in die winkels. Die mooiste van die foto is dat ons kan sien ons lidmate glimlag steeds baie breed agter daai makers.





**Pieter Henning Gemeentebestuurder**

Die week val die kollig op ons gemeentebestuurder se tuiskantoor. Dankie vir jou werk in die tyd!










**Paasfees 2020**

In afsondering tuis ervaar ons die jaar Paasfees. Die virus kon dit nie stop nie.

Ons deel uit die Gemeente foto's. Ons is almal vryge-koop deur Jesus se bloed.

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810